NEUSIE VERBY, MANNE!

Nicola haak af met skatryk Yank

UNITY KLAZEN

Die internasionale supermodel Nicola Breytenbach is op 15 Junie vir ewig vir die adamsgeslag verlore wanneer sy met haar skatryk Amerikaanse verloofde, Ben Steiner, in San Tropez afhaak.

Sondag het eksklusief verneem dat dié glanspaartjie in die suide van Frankryk voor 1 000 gaste gaan trou.

Die gaste word van oor die hele wêreld verwag en word op die bruidegom se onkoste na die onthaal gevlieg.

Nicola en Ben is in San Tropez om die finale reëlings te tref, maar die rok bly 'n staatsgeheim.

Nicola, 'n boorling van Durban, het laas maand haar plek op die voorblad van die Latyns-Amerikaanse *Cosmopolitan*-tydskrif vol gestaan.

Sy is nie 'n vreemdeling in glanstydskrifte nie en het al haar debuut op die voorblad van *Vogue, Elle* en die Amerikaanse *Marie Claire* gemaak.

Andrew Farr, haar SA skakelbeampte, sê Nicola was redelik verbaas oor die Cosmo-voorblad, veral nadat mense uit Colombia, Mexiko en Brasilië haar hiervan laat weet het.

Hoewel Nicola bevestig het dat sy volgende week in San Tropez trou, is die presiese plek onbekend.

Nicola ontspan tydens een van hulle vele see-vakansies in San Tropez.

Al wat Farr wou verklap, is dat die troue groot sal wees en die paartjie nie deur die paparazzi gepla wil word nie.

Ongelukkig sal Farr nie die troue kan bywoon nie omdat hy op dieselfde dag 'n gas is by die troue van die sosiale vlinder Edith Venter.

Nicola Breytenbach soos sy verlede maand op die voorblad van die Latyns-Amerikaanse weergawe van Cosmopolitan verskyn het.



Nicola en Ben Steiner gee min besonderhede vanuit hulle troue wat volgende week in San Tropez plaasvind.